POLICY 016/2016 RAADSBELEID

MUNICIPALITY DAWID KRUIPER MUNISIPALITEIT

SUBJECT/ONDERWERP: **AGTERVOLGING VAN BEWEERDE OOTREDERS DEUR VERKEERSBEAMPTES**

REFERENCE/VERWYSING: **17.3.B**

RESOLUTION NR/BESLUIT NO: **31/10.2/2016 (SCM)** DATE/DATUM: **26 October 2016**

BELEIDSOOGMERK: Om duidelike riglyne daar te stel wanneer 'n beampte 'n beweerde oortreder vanuit sy regsgebied kan agtervolg.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Om padveiligheid te verseker.

RIGLYNE
Omdat Verkeersbeamptes van tyd-tot-tyd beweerde oortreders moet agtervolg en aankla is dit nodig om prosedures vir hierdie aksies neer te lê.

PROSEDURE
1. 'n Verkeersbeampte wat 'n beweerde oortreder agtervolg moet rapporteer by die Nooddienste of by die Verkeersafdeling dat hy 'n beweerde oortreder agtervolg.

2. Die Verkeersbeampte mag nie meer as 20 kilometer buite Upington op enige van die Provinsiale Administrasie of Distrik Minisipaliteit se paaie 'n beweerde oortreder agtervolg nie.

3. Provinsiale Verkeer Upington asook die Suid-Afrikaanse Polisiediens moet in kennis gestel word deur Nooddienste of Verkeersafdeling sodat hulle die agtervolging moontlik kan oorneem.

4. Alle besonderhede van die agtervolging moet per radio aan die Nooddienste of Verkeersafdeling deurgegee word.

5. 'n Voorvalle boekinskywing met alle besonderhede moet na die voorval of wanneer die Beampte vandiens rapporteer, gemaak word. Besonderhede is soos volg:-

    * Naam van beweerde oortreder, indien moontlik.
    * Maak, Tipe, Kleur en Registrasienommer van voertuig.
    * Rede en tyd van agtervolging en aksie deur Verkeersbeampte geneem.

ROLLE
1. Die Afdeling Verkeersdienste.
2. Brandweer Nooddienste.
3. Provinsiale Verkeer.
4. Suid Afrikaanse Polisiediens.

VERWANTE BELEID
Nasionale Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996)

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.